HOME & HECTARE REAL ESTATE
At Home with Trust.

# VEILINGSREËLS

en

# VERKOOPSVOORWAARDES

**PLEK VAN VEILING: Munisipale Store, h/v Dirkie Uys en Adderleystraat, Robertson**
**DATUM VAN VEILING: Dinsdag 12 Mei 2026**
**TYD VAN VEILING: 11:00**

**HOME AND HECTARE (PTY) LTD**

**Verteenwoordig deur: Willie van Rensburg**
(die **"AFSLAER"**)

## 1. PROSEDURE VAN VEILING

1.1. Tensy anders aangedui, sal alle verkope sonder 'n reserwe prys wees.

1.2. Indien verkope onderworpe is aan 'n reserwe prys mag slegs die Afslaer of sy gevolmagtigde namens die Verkoper bie, maar sal die Afslaer en/of sy gevolmagtigde nie geregtig wees om 'n bod te plaas gelykstaande of hoër as die reserwe prys nie.

1.3. Die reëls van hierdie veiling voldoen aan die bepalinge van Artikel 45 van die Verbruikersbeskermingswet Nr. 68 van 2008 ("die Verbruikersbeskermingswet"), sowel as die regulasies daartoe soos gepubliseer in Staatskoerant Nr. 34180 op 1 April 2011 en enige wysigings daartoe.

1.4. Artikel 45(2) van die Verbruikersbeskermingswet bepaal dat wanneer goedere in lotte te koop aangebied word, elke lot geag sal word as 'n aparte transaksie, tensy daar getuienis is tot die teendeel.

1.5. Die Veiling sal stiptelik begin op die gepubliseerde tyd en sal nie uitgestel of vertraag word om die deelname van 'n spesifieke persoon of persone aan die veiling te akkommodeer nie.

1.6. **Dit word vereis dat alle Bieërs registreer vir die Veiling.**

1.7. Registrasie om tydens die Veiling te bie:

1.7.1. 'n Persoon wat beoog om tydens die veiling te bie moet voor die aanvang van die veiling registreer deur sy/haar identiteit op die bieërsrekord te laat aanbring. Sodanige registrasie moet voldoen aan die vereistes van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum Nr. 38 van 2001 ("FICA") ten opsigte van die bevestiging en verifikasie van die identitiet van die persoon en die persoon moet die inskrywing in die Bieërsrekord onderteken.

1.7.2. 'n Persoon wat die veiling bywoon om namens 'n ander persoon te bie, byvoorbeeld namens 'n maatskappy, moet 'n magtigingsbrief voorsien waarin hy uitdruklik gemagtig word om namens die ander persoon of entitiet te bie en beide die prinsipaal en gemagtigde partye moet voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in paragraag 1.8.1 hierbo. Waar die prinsipaal 'n maatskappy is, moet die magtigingsbrief op 'n amptelike briefhoof van die maatskappy verskyn en moet dit vergesel word deur 'n gesertifiseerde afskrif van die resolusie wat hom/haar magtig om namens die maatskappy te bie.

1.8. Die bieërsrekord en die verkopersrol sal beskikbaar wees vir inspeksie by die kantore van Home and Hectare gedurende normale kantoorure en geen fooi is vir sodanige inspeksie betaalbaar nie. Die Bieërsrekord sal ook beskikbaar wees vir inspeksie gedurende die veiling.

1.9. Alle goedere word voetstoots verkoop en die risiko in elke item verkoop sal oorgedra word aan die hoogste Bieër op daardie item by die val van die hammer.

1.10. Alle gelde verskuldig aan die Verkoper in terme van die veilingsreëls sal betaal word in die genomineerde rekening van Home and Hectare tot voordeel van die Verkoper en sal kommissie betaalbaar aan Home and Hectare van die bedrag afgetrek word.

1.11. Die Afslaer sal die rede vir die veiling aankondig gedurende die veiling, tensy die veiling 'n normale, vrywillige verkoop deur die Verkoper is.

1.12. Die totale koste van advertensies en die veiling van die goedere is **R ...................**, welke koste soos volg uiteengesit word:

1.12.1. Advertensiekoste;
1.12.2. Brosjure en bemarkingsmateriaal;
1.12.3. Veilinglokaalkoste;
1.12.4. Fotografie.

1.13. Die veiling word aangebied onder beheer van die Afslaer wie die uitsluitlike reg het om die bod proses te beheer en die reg het om enige bod te aanvaar of te verwerp in sy eie diskresie sonder om redes daarvoor te verskaf.

1.14. Goedere sal verkoop word aan die hoogste Bieër onderworpe aan hierdie Veilingsreëls.

1.15. **Elke voornemende Bieër moet die Veilingsreëls lees en moet nie bie tensy hy of sy so gedoen het nie.**

1.16. Elke bod verteenwoordig 'n aanbod om te koop vir die bedrag van die bod onderworpe aan die termes en voorwaardes hierin vervat, welke bod deur die Verkoper of die Afslaer aanvaar of verwerp mag word in hul uitsluitlike diskresie. Voor aanvaarding van die bod, sal die Verkoper in sy uitsluitlike diskresie geregtig wees om goedere van die veiling te onttrek

1.17. Indien geen bod gelyk is aan die reserwe prys of dit oorskry nie, mag goedere van die veiling onttrek word. Nieteenstaande die voorgenoemde mag die Verkoper die Afslaer opdrag gee om enige aanbod laer as die reserwe prys te aanvaar.

1.18. In die geval van 'n geskil tussen die Bieërs sal die besluit van die Afslaer finaal en bindend wees.

1.19. Die Afslaer is geregtig om enige *Bona Fide* fout ten opsigte van die uitvoering van die veiling, die finalisering van 'n kooptransaksie of enige verkeerde verwysing na die goedere te koop aangebied reg te stel. In die geval waar sodanige fout nie reggestel kan word nie sal dit geag word dat die veiling nie plaasgevind het nie en sal

geen party tot die veiling enige eis teen die Afslaer of die Verkoper hê as gevolg van die kansellasie van die veiling nie.

1.20. Enige aktiwiteit deur 'n Bieër wat as "ringing" beskou kan word is ongeldig en indien die Afslaer vermoed dat enige Bieërs betrokke is by sodanige aktiwiteit sal hy geregtig wees om die veiling op te skort of te kanselleer of die Bieëers wat hy vermoed deelneem aan so 'n aktiwiteit verhoed om enige verdere bod te maak

1.21. Geen bod mag onttrek word gedurende die tydperk vandat die bod toegeslaan is tot die verstryking van die bevestigingstydperk soos deur die Afslaer aangekondig nie. Gedurende hierdie tydperk sal die aanbod oop bly vir aanvaarding deur die Verkoper of sy agent en indien die aanbod aanvaar word sal die verkoop geag wees om 'n verkoop by wyse van veiling te wees vir doeleindes van die Verbruikersbeskermingswet

1.22 Die persoon wat die hoogste bod gemaak het wat deur die Afslaer aanvaar is sal geag word die Koper te wees. Die Afslaer is geregtig om enige offer wat gemaak is te verwerp.

1.23 'n Suksesvolle Koper sal sy aankope by afsluiting van die veiling en na betaling van die volle aankoopprys van die veilingsterrein verwyder na die veiling op werksdae tussen die ure 09:00 en 16:00 en teen nie later as **Vrydag 15 Mei 2026 @ 14:00**.

1.24 Geen goedere sal van die veilingsterrein verwyder word voor volle betaling van alle bedrae verskuldig deur die Koper voortspruitend uit sy aankope ontvang is nie.

1.25 **Enige goedere wat nie verwyder word by afsluiting van die veiling nie sal onderworpe wees aan stoorkostes van R100.00, plus BTW, per item per dag, welke fooi deur die Koper betaalbaar sal wees by verwydering van die goedere**. Desnieteenstaande die bogenoemde en sou goedere aangekoop nie verwyder word binne die periode soos deur die Afslaer aangedui word nie, sal die goedere weer te koop aangebied word deur die Afslaer op die risiko en onkoste van die suksesvolle Koper. Alternatiewelik en slegs in die geval 'n skriftelike reëling getref tussen die Afslaer en die Koper, sal die Afslaer die goedere berg. Alle bergingskoste is vir die Koper se rekening.

1.26 Die Koper sal verantwoordelik bly vir enige herstel koste as gevolg van skade deur hom veroorsaak aan die veilingsterrein of enige ander item tydens die verwydering van sy goedere of op enige ander nalatige manier.

1.27 Indien enige van die kooppryse deur die Koper gefinansier word deur 'n finansiële instansie moet bewyse van sodanige **goedgekeurde** finansiering aan die Afslaer voorgelê word tydens die Bieërs registrasie proses soos hierbo uiteengesit in paragrawe 1.6 en 1.7. Geen item sal verkoop word indien finansiering nie finaal goedgekeur is nie.

1.28 Die aankooppryse van items aangekoop sal deur die Koper deur middel van ‘n elektroniese fonds oordrag betaal word by afsluiting van die veiling. **Geen kontant betalings sal op die veilingsterrein aanvaar word nie.** Geen goedere mag van die veilingsterrein verwyder word voordat hierdie fondse beskikbaar is in die Afslaer se bank rekening nie.

1.29 Indien enige goedere verkoop onderworpe is aan goedgekeurde finansiering soos uiteengesit in klousule 1.27 hierbo, sal volle betaling van die aankope gemaak word aan die Afslaer binne twee-en-sewentig (72) uur na afsluiting van die veiling.

1.30 Tensy anders deur die Afslaer aangedui word, sal alle koopprys BTW uitsluit.

1.31 Eienaarskap in die goedere sal slegs oor gaan na die Koper by ontvangs van die volle koopprys, plus BTW (indien van toepassing) en die Afslaer se kommissie.

1.32 **Die Koper is verantwoordelik vir die betaling van die Afslaer se kommissie, welke kommissie bereken word teen 6,5% van die aankoopprys, plus BTW daarop bereken teen 15%. Die kommissie is onmiddelik betaalbaar teen lewering van die goedere aan die Koper.**

1.33 **'n Registrasie dokument heffingsfooi van R750.00, plus BTW bereken teen 15%, is deur Kopers betaalbaar op alle motorvoertuig aankope. Die heffing is betaalbaar as 'n addisionele bedrag tot die koopprys en Afslaer se kommissie.**

1.34 Indien enige item verkoop word onderworpe aan bevestiging sal die bevestigingsperiode 'n tydperk van sewe (7) dae beloop vanaf die datum van die veiling. Tydens hierdie periode sal die Koper nie geregtig wees om sy offer te onttrek nie.

1.35 Enige item onderworpe aan bevestiging sal ten volle betaal word deur die hoogste Bieër aan die Afslaer by afloop van die veiling. Indien die bod nie tydens die bevestigingsperiode deur die Verkoper aanvaar word nie, sal die Afslaer die volle bedrag deur die Koper betaal aan hom terug betaal.

1.36 Indien 'n Koper enige van die veilingsvoorwaardes verbreek mag hy aanspreeklik gehou word vir die totale koste van advertensie en die uitvoering van die veiling en sodanige ander kostes wat verhaal kan word in terme van die Verbruikersbeskermingswet en regulasies daartoe.

1.37 **Enige Koper van 'n motorvoertuig aanvaar en stem toe tot die verantwoordelikheid om alle nodige stappe te neem om toe te sien tot die registrasie van die motorvoertuig in die naam van die Koper binne een-en-twintig (21) kalender dae vanaf die datum van die veiling.** Die Verkoper aanvaar en stem toe om op die skriftelike versoek van die Koper alle nodige aksies te neem en alle relevante informasie en dokumentasie aan die Koper beskikbaar te maak om hom in staat te stel om die voertuig op sy naam te registreer.

1.38 Risiko in die goedere aangekoop gaan oor na die Koper by die val van die hammer, vanaf welke stadium die Koper ten volle verantwoordelik bly en die Verkoper vrywaar teen enige eis of aksie wat moontlik ingestel kan word vir skade en/of beserings voortspruitend of verbandhoudend met die bates deur die Koper aangekoop.

**Ek sertifiseer hiermee dat hierdie veilingsreëls en verkoopsvoorwaardes tot die beste van my kennis voldoen aan die vereistes uiteengesit in Regulasie 21 van die Verbruikersbeskermingswet.**

**Afslaer**

**AFSLAER SE VOLLE NAME: WILLIE VAN RENSBURG**

**KONTAKNOMMER: 083 261 7641**
**EPOS: willie.vanrensburg@homeandhectare.com**